

Lydenstyd

Jean Strydom

Gerrit Vosloo

Nelspruit-Suid

2022

Inhoudsopgawe

1. Inleiding
2. Jesus se gehoorsaamheid lei tot jou verlossing
3. Jesus word gedoop en Sy bediening begin
4. Jesus se versoeking
5. Jesus is die Bron van God se Koninkryk
6. Jesus is die Bron van ons nuwe identiteit – Kruisdraers
7. Jesus is die Bron van wonderwerke
8. Jesus se lydensweg
9. Goeie Vrydag: Jesus is die Bron van oorwinning in die dood
10. Paasfees: Jesus is die Bron van oorwinning vanuit die dood

Inleiding

Tydens ons tweede reeks wat handel oor “Jesus is die Bron”, gaan ons vanaf 27 Februarie tot en met Paasfees stilstaan by Jesus. Ons gaan as’t ware die vergrootglas beweeg oor Sy lewe en lydensweg. Tydens die reeks is dit ons gebed dat jy tot die besef sal kom, dat jy nie sonder Jesus kan leef nie. Hy is net soos God, die Bron van verskeie aspekte wat jou lewe raak. Kom reis saam en herontdek ou waarhede.

Ons gebed is dat die Lydenstyd en Paastyd in 2022 vir jou ‘n baie verrykende tyd sal wees en mag Jesus as die Bron jou hart op nuut laat warm klop vir die Evangelie.

‘n Seënvolle reis word jou toegebid.

Leraars

Jesus se gehoorsaamheid lei tot jou verlossing

Die woord gehoorsaamheid laat jou dink aan ‘n gesprek tussen ‘n ouer en ‘n kind of tussen ‘n onderwyser en ‘n leerder. Gehoorsaamheid speel in die Bybel en by God net so belangrike rol. Om ten volle gehoorsaam te wees aan God, vereis totale oorgawe aan Hom. Paulus skryf dat hy ‘n slaaf is van Christus Jesus, met ander woorde dat hy in alles gehoorsaam is.

Die grootste voorbeeld van gehoorsaamheid kom sekerlik van Jesus af. Reeds daar waar Hy in die hemelse troonsaal was, was Hy gehoorsaam aan die opdrag van die Vader. Vanuit menslike perspektief kon dit nie maklik gewees het vir Christus om na die aarde toe te kom as mens nie. Gebonde aan tyd en ruimte, om in die stofpaaie en gebroke wêreld te kom wandel. Tog was Hy gehoorsaam aan die opdrag en word mens. Hy kom wys egter vir ons dat in Sy bediening Hy niks doen as die Vader nie vir Hom dit sê nie. Totale gehoorsaamheid. Ja, Sy gehoorsaamheid het die weg gebaan na ons verlossing en daarom het God ook Sy gehoorsaamheid geprys deur Hom te verheerlik met die heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het, voordat Hy mens geword het. Sonder gehoorsaamheid as vertrekpunt sou daar nooit verlossing vir jou gewees het nie. Jou verlossing moet dus ook gekenmerk word deur gehoorsaamheid aan God.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.

4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Jesus is die Verlosser / Redder! Jy het dit al baie keer gehoor. Bespreek die begrip “verlossing”. Hoe verstaan jy dit?
2. Gesels oor die begrip Verlosser / Redder en wat verwag jy van ‘n Verlosser / Redder?
3. Wat dink jy verwag die Verlosser van jou?
4. Wat dink jy beteken dit as ons sou bely dat Jesus die bron van Verlossing is?
5. Lees Fil. 2:6-11
    a. Wat raak jou uit die gedeelte en hoekom?
6. Gesels oor die feit dat Jesus, wat in die hemelse troonsaal was, mens kom word het. Wat dink jy moes dit van Hom gevat het om dit te kon doen?
7. Wat het Jesus gedryf om dit te doen?
8. Watter verskil maak dit in jou lewe, die wete dat jy verlos is?
9. Wat dink jy is die verband tussen gehoorsaamheid en verlossing?
10. Lees Rom. 5:15-19 en bespreek dit. Kyk veral na die verlossing en vryspraak wat ontvang is deur die gehoorsaamheid van Jesus.

Leef en ontplooi:

1. Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Verdere in diepte studie:

1. Lees Kol 2:6-7
    a. Watter twee beelde word hier gebruik om ‘n gelowige se lewe mee te beskryf?
    b. Hoe stel jy jou dit prakties voor
2. Lees Joh. 15:1-8
    a. Waarop lê die klem hier as dit om Jesus en die gelowige gaan?
    b. Hoe vergelyk hierdie beeld met die beelde uit Kolossense?
3. Lees Titus 3:4-7 en gesels oor die gedeelte.

Notas:

Jesus word gedoop en Sy bediening begin

Die Vader het reeds deur Johannes die doper, die pad begin voorberei vir wat Jesus net verder kom doen het. Johannes was die wegbereider en Jesus die vervuller van God se beloftes. Jesus se bediening begin by die doop in die Jordaan, van waar Hy dan ook bevestiging van die Vader deur die Heilige Gees ontvang.

Die doop van Jesus is in ‘n sekere sin waar alles werklik begin. Dit is die begin van sy openbare werk. Dit is die begin van sy lydensweg én van sy verheerliking. Jesus word gedoop met die doop van bekering tot vergifnis van sondes. Dit is belangrik om raak te sien met watter doop Jesus gedoop is deur Johannes. In Markus 1:4 in die 1933/53-Vertaling staan daar: “Johannes het gekom en was besig om in die woestyn te doop en die doop van bekering tot vergifnis van sondes te verkondig.”

Dit nogal “vreemd” dat Jesus met hierdie doop deur Johannes gedoop word. Hoekom? Want ‘n doop wat wys dat Hy Hom bekeer het tot vergifnis van sondes, is mos in sy geval nie nodig nie. Hy het nie sonde gehad nie. En tog word Hy deur Johannes gedoop met die doop van bekering tot vergifnis van sondes. Dit wys vir ons hoe Jesus Hom met ons in ons toestand van sonde vereenselwig het.

Jesus begin sy openbare lewe deur Hom saam met berouvolle sondaars te onderwerp aan die doop van bekering tot vergiffenis van sonde! Die rede waarom Jesus, hoewel Hy geen sonde gehad het nie, tog die doop van bekering tot vergifnis van sondes ondergaan het, vind ons in Matteus 3:15. Daar lees ons in die 1933/53-Vertaling dat Jesus gesê het: “. . . want só pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.” Die enigste manier waarop Jesus vir ons alle geregtigheid kon vervul, was om ons plek in te neem. Hy wat onskuldig was, moes in ons plek soos ‘n skuldige behandel word, sodat ons wat skuldig

was, onskuldig bevind kon word. Dit beteken nie net dat Hy aan die kruis in ons plek gestraf moes word nie, maar ook dat Hy deur die doop van bekering tot vergifnis van sondes behandel is asof Hy bekering en vergewing van sondes nodig gehad het. Reeds in Sy doop het Hy al ons plek ingeneem. Reeds in Sy doop het Hy al ons sondes op Homself geneem. Reeds in Sy doop is Hy al in ons plek soos ‘n sondaar behandel.

Jesus se doop het ‘n baie ryker betekenis as om, soos party mense dink, ‘n voorbeeld daarvan te wees dat ons ook groot gedoop moet word. Jesus se doop is geensins ‘n voorbeeld daarvan dat ons ook groot gedoop moet word nie. Hoekom nie? Want die doop van Johannes waarmee Jesus gedoop is, het heeltemal ‘n ander betekenis as die Christelike doop wat ons bedien. Dat dit twee verskillende dope is, blyk daaruit dat ons in Handelinge 19:1-6 lees dat Paulus mense wat Johannes se doop ontvang het, agterna met die Christelike doop doop.

Die ryke betekenis van Jesus se doop is dat Hy daar al begin het om ons plek in te neem en in ons plek soos ‘n sondaar behandel te word. Daar het die hemele oopgegaan en, soos Luther gesê het, staan die hemele sedert dáárdie dag nog oop oor die hele wêreld, oor ons almal, ook vandag. Jesus se doopdag is vir ons ‘n dag van jubelende vreugde!

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Lees saam Markus 1:1-11 en gesels oor wat jou raak uit die gedeelte
2. Kan jy onthou waar jy gedoop is? Wat beteken dit vir jou die feit dat jy gedoop is?
3. Was Johannes gretig om vir Jesus te doop? Hoekom?
4. Wat sou die Vader deur Jesus se doop wou illustreer?
5. Waarom laat Jesus Hom deur Johannes doop? Was dit nodig? Was dit nie verkeerd nie?
6. Wat was besonders by Jesus se doopgeleentheid?
7. Watter emosies van God die Vader kan jy waarneem tydens Jesus se doop?
8. Waarom dink jy noem ons doop vandag ‘n sakrament?
9. Hoekom dink jy is dit belangrik dat Markus skryf oor Jesus wat gedoop is voordat Sy bediening begin het?
10. Hoekom dink jy speel Johannes die doper so groot rol in die voorbereiding van wat Jesus kom doen het? Wat presies wou Johannes die doper by die mense tuisbring?

Leef en ontplooi:

1. Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Verdere in diepte studie:

1. Wat dink jy is die waarde of betekenis van die drie dinge wat gebeur direk na Jesus gedoop is (v. 10-11)?
2. Wanneer God dan praat, sê Hy in die woorde van die 1983/92-Vertaling: “Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My.” Hierdie woorde is ‘n samestelling van Psalm 2:7 en Jesaja 42:1. Psalm 2:7 het te doen met wanneer ‘n koning sy koningskap aanvaar, terwyl Jesaja 42:1 oor die kneg van die Here gaan wat moet ly. Hiermee bevestig God dat Jesus sy Seun is én dat Jesus God se dienskneg is wat moet ly. Hiermee bevestig God dat die Ou Testament se beloftes vervul is. Hoe laat hierdie waarheid jou voel?

Notas:

Jesus se versoeking

Na Jesus se doop word Hy deur die Gees in die woestyn gelei. Nadat Hy 40 dae en 40 nagte niks geëet het nie, word Hy deur die duiwel versoek. Dit herinner ons aan Adam se versoeking. Hoekom is Jesus versoek? Deel van Jesus se werk was om die tweede Adam te wees. Hy word geroep om die laaste/nuwe Adam te wees om te doen wat die eerste Adam nie kon doen nie. Adam se grootste mislukking was juis sy reaksie op versoeking. Veral Paulus stel die eerste teenoor die tweede Adam in Romeine 5:12-19 en 1 Korintiërs 15:21-22 en 45-49. Jesus se oorwinning in tye van versoeking baan vir ons die weg om ook in Christus, alle versoekinge te oorwin.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Lees saam Mark 1:12-13 en Matt 4:1-11
2. Wat is jou definisie van versoeking?
3. Wanneer dink jy is jy die vatbaarste vir versoekinge?
4. Waarom het Jesus na die woestyn gegaan?
5. Wie is Satan en wat was sy doel met Jesus se versoeking?

6. Waarom het God toegelaat dat Jesus as Seun van God deur satan versoek word?
7. In watter opsigte help Jesus se versoekinge ons?
8. Watter tipe versoeking saai vandag in ons tyd die meeste verwoesting?
9. Hoe het Jesus die versoekinge oorwin?
10. Hoe kan ons as gelowiges mekaar help om versoekings te weerstaan?

Leef en ontplooi:

1. Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Verdere in diepte studie:

1. Gesels oor elkeen van die versoekinge waaraan Jesus blootgestel was?
2. Hoe het die volgende mense gereageer op versoekinge
    a. Eva
    b. Josef
    c. Dawid
3. Wat het Jesus gedoen om die versoekinge af te weer?
4. In watter opsigte is dit vir ons van waarde?
5. Lees en gesels of dink na oor die volgende gedeeltes:
    a. Jak. 1:13
    b. 1 Kor. 10:13
    c. Matt. 6:13
    d. Heb. 4:15
    e. Gal. 5:16

Jesus is die Bron van God se Koninkryk

Jesus het tydens Sy bediening baie gepraat oor die Koninkryk van God. Hy wil alle mense deel maak van Sy Koninkryk. Hy het kom wys dat God daar is vir almal en dat elkeen deel kan wees van Sy Koninkryk. Johannes het dit verkondig en Jesus het dit net nog meer vorm laat aanneem. Sy hele bediening het gedraai rondom die Koninkryk van God. Dit het vir alle mense hoop gegee en om deel te word van die Koninkryk beteken nuwe lewe en ewige lewe.

Alhoewel Jesus baie oor die Koninkryk gepraat het, het so min mense dit verstaan. Sy eie dissipels het nie een die volheid daarvan begryp nie. Selfs vandag sukkel gelowiges om die volheid van die begrip te verstaan. Die dissipels het destyds gedink dat dit ‘n fisiese plek is en dat Jesus hulle sou verlos van die Romeinse onderdrukking. Tog is die Koninkryk van God nie ‘n fisiese plek nie. Dit wys eerder op God se universele heerskappy as Skepper en Onderhouer in Christus en Jesus se verlossing.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Gesels oor jou verstaan van die begrip “Koninkryk van God”.
2. Hoe belangrik dink jy is die konsep “Koninkryk van God” en hoekom?
3. Dink jy die Koninkryk van God is ‘n fisiese plek?
4. Kom ons lees saam ‘n paar teksgedeeltes en kyk of julle die belangrikheid in terme van die Koninkryk van God kan sien en gesels daaroor.
    a. Matt. 6:33
    b. Mark. 1:15
    c. Mark. 10:13-16
    d. Luk. 17:20-21
    e. Joh. 3:3
    f. Joh. 18:36
5. Hoe kan jy die Koninkryk van God meer sigbaar maak?
6. Hoekom sou jy sê is Jesus die bron van die Koninkryk?
7. Hoe word ek deel van die Koninkryk van God?
8. Watter verskil maak dit om deel van die Koninkryk van God te wees?

Leef en ontplooi:

1. Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Verdere in diepte studie:

1. Jesus het baie gelykenisse vertel om ons te begelei in die Koninkrykbeginsels en metodes. Bestudeer gerus elkeen op jou tyd.
    a. Matt. 13:24-30, 36-43

i. Om soos ’n Christen te lyk beteken nie noodwendig dat jy een is nie, jy moet vrug dra

b. Matt. 13:31-32
   i. God neem iets klein en onbenulligs in die wêreld se oë en verander dit in iets groot...weereens Sy beginsels is nie soos die wêreld sin nie
c. Matt. 13:33
   i. Suurdeeg is ’n geleidelike verandering wat plaasvind. Vertrou God om self die verandering deur jou te bewerk
d. Matt. 13:44-46
   i. Om deel te hê aan die koninkryk is waardevoller as enige iets anders. Jy moet jouself verloën en alles aan Sy heerskappy oorgee om ’n dissipel te wees. Die wins wat jy verkry is die koste werd.
e. Matt. 25:14-30
   i. As jy in die klein dingetjies getrou is sal Hy aan jou groter dinge toevertrou
   ii. As jy nie getrou is nie, moenie verbaas wees as Hy selfs dit wat hy aan jou gegee het wegneem nie.
f. Matt. 13:47-50
   i. God en Sy engele sal in die oordeel onderskei
g. Matt. 18;23-35
   i. Vergewe en bewys genade aan ander net soos God dit aan jou gedoen het
h. Matt. 20:1-16
   i. God is regverdig as Hy nuwe bekeerlinge net so goed behandel as wat hy die mense behandel wat Hom reeds jare lank dien.

i. Matt. 25:1-13
    i. Waak sodat jy gereed kan wees wanneer die Jesus kom.
j. Matt. 25:31-46
    i. Die wat waarlik aan die Koninkryk behoort, bewys hulle liefde vir God deur liefde aan hulle naaste te betoon.
k. Mark. 4:26-29
    i. Ons eie pogings kan nie vrug oplewer nie. Sonder Hom kan ons niks doen nie.. Dit is ons voorreg om saam met Hom in Sy Koninkryk te werk, maar net Hy gee die vrug.

Notas:

Jesus die Bron van ons nuwe Identiteit – Kruisdraers

In die antieke tyd was kruisiging gesien as die mees brutale en skandelike vorm van dood. Dit het moontlik as oorsprong begin by die Assiriërs en Babiloniërs, dit was sistematies gebruik deur die Perse in 6de eeu v.C. Aleksander die Grote het dit van daar af gebring na die oostelike Mediterreense lande in die 4de eeu en die Fenisiërs het dit bekend gestel aan die Romeine in die 3de eeu v.C. Dit was basies nooit gebruik in die voor-Hellenistiese Griekeland nie. Vir 500 jaar het die Romeine kruisiging vervolmaak. Kruisiging was meeste van die tyd gebruik op slawe, skandelike soldate, Christene, vreemdelinge en die ergste misdadigers.

Paradoksaal is die kruis 'n simbool van lyding en vernedering maar ook 'n simbool van oorwinning en verlossing – die kruis is die universele simbool van alle Christelike denominasies as die identifiseerder van ons geloof.

Kruisdra beteken 'n doodsvonnis. Dit is presies wat elkeen daardie dag gehoor het toe Jesus vir die heel eerste keer gesê het sy dissipels is kruisdraers. Kruisdra is ons identiteit. Dit is ons roeping. Dit is ons pad. Geen kruis, geen dissipel. Dit is so eenvoudig, soos dit. En so ook helder soos dit. Nie bewonderaars nie, maar voltydse kruisdraers. Dit is hoe Jesus ons nooi en ons beveel om agter Hom aan te kom. Daar is geen ander opsies vir iemand wat naby aan Jesus wil loop nie.

Jesus bied nie verskillende “pakkette” vir voornemende dissipels aan nie. Hy laat geen ruimte vir deeltydse nuuskieriges of vir na-uurse bewonderaars nie. Net 'n kruis. Dit is al wat Jesus vir ons aanbied. En ja, lewe in oorvloed as ons kies om sy kruis te dra.

Wanneer Jesus hierdie woord sê, is Hy self op pad na sy afspraak met 'n houtkruis in Jerusalem. Soos Jesus sy kruis gedra het, word elkeen wat Hom navolg met 'n kruis opgesaal. Dit is geen grap nie. Wanneer ons in voltydse kruisdraers verander, hoef ons egter nie meer vir die lewe bang te wees nie. Of vir die dood nie. Ons het die prys klaar bereken. Ons het die prys betaal wat dit kos om Jesus te volg. Ons het vir Hom gekies teen ons eie ego se beterwete in. En teen ons eie veiligheid en voorspoed in. Christus is die voltydse Heer van ons lewe.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Hoe sal julle die woord/term ***“kruisdraer”*** definieer in julle eie woorde?
2. Lees Markus 8:34-38. Waaroor dink julle gaan hierdie teksgedeelte?
3. Markus 8:34 sê: “... *moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg* ...” So ek moet ***my eie kruis*** opneem en nie Jesus se kruis nie? Hoe moet ons dit verstaan? Wat bedoel Jesus hiermee?
4. Wat sê Jesus vir ons in Markus 8:35? Wat is die implikasie hiervan vir ons lewe?

5. In Markus 8-10 gebruik Jesus beskrywings wat as minderwaardig beskou sal wees in enige era van die geskiedenis om sy volgelinge te beskryf. Kruisdraer is een van die beskrywings. Waarom sal Jesus kruisdraer deel maak van sy volgelinge se nuwe identiteit/opdrag?

6. 'Strikvraag': In Markus 8-10 gee Jesus hierdie nuwe beskrywings/opdragte van sy volgelinge se identiteit, saam met kruisdraer is daar nog drie ander. Kan julle dit identifiseer? **Leidraad ons almal was al eenkeer in ons lewens dit gewees?*

Leef en ontplooi:

1. Hoe dink jy sal/moet 'n 'hedendaagse kruisdraer' se lewe lyk?
2. Wat is die implikasie daarvan om soos 'n kruisdraer te leef? Wat is die implikasie daarvan om nie soos 'n kruisdraer te leef nie (kyk weer na Markus 8:35-38)?
3. Hoe kan julle as groep mekaar in die jaar help en bemoedig om te leef soos kruisdraers?
4. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
5. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het oor wat dit beteken om 'n kruisdraer saam met Jesus te wees?
6. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Vir gesinne:

1. Waarvoor is jy dankbaar hierdie week?
2. Waaraan was jy gehoorsaam hierdie week wat God vir jou gesê/gevra/gewys het?

3. Hoe vra Jesus, vir julle as gesin om te leef na aanleiding van Markus 8:34-38?
4. Stel 'n lys saam wat die positiewe eienskappe van 'n kruisdraer beskryf en moedig mekaar aan om die week daardie eienskappe uit te leef en te kultiveer dat dit 'n lewenslange leefstyl sal word.

Notas:

Jesus is die bron van wonderwerke

Jy het ook al gehoor van rondreisende genesers. Hulle is diegene wat groot baniere langs die pad opsit en mense by die duisende probeer lok na stadions of sale. Vir baie mense is dit die laaste strooihalm waarna hulle gryp in ‘n soeke na moontlike genesing. As ons na Jesus kyk tydens sy aardse bediening, was Hy ook een wat wonderwerke en genesings gedoen het. Soms het Hy mense bevry uit die bande van Satan. Jesus het homself egter nooit voorgedoen as ‘n rondreisende geneser nie. Sy wonderwerke was nooit gedoen net ter wille van die wonderwerk self nie. Nee, dit het altyd oor God gegaan. Agter die wonders moes God raakgesien word. Jesus was dus die middel tot hierdie doel. Sonder Hom kon dit nie gebeur nie. Die mense moes die wonders sien as tekens dat die Koninkryk van God aangebreek het. Jesus het nooit wonders gedoen om skares te trek nie. Hy het dit ook nie op aanvraag gedoen nie. As dit wel plaasgevind het, het dit altyd iets gesê oor Sy identiteit asook oor God. Alles wat Jesus gedoen het was in diens van Sy aardse opdrag.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Het jy al ‘n wonderwerk gesien of ervaar?
2. Hoekom dink jy is mense so skepties as jy praat van ‘n wonderwerk?
3. Glo jy dat wonderwerke steeds vandag plaasvind?
4. Wonderwerke is daar om God te verheerlik, dis wat Jesus ook deur Sy wonderwerke gedoen het. Dink jy Jesus het almal gesond gemaak wat Sy pad gekruis het?
5. Het Jesus net mense genees wat in Hom geglo het?
6. Het alle siekes verstaan wie Jesus is en Hom na hulle genesings gevolg?
7. Is dit ‘n teken van ongeloof aan die bidders of siekes se kant as hulle nie gesond word wanneer daar vir hulle gebid word nie?
8. Lees Markus 2:1-12 en gesels oor die wonderwerk
9. Baie mense probeer om ‘n verband te trek tussen siekte en God se straf. Johannes 9:1-12 bied ‘n korrektief hierop. Wat leer jy uit die dissipels se vraag in vers 2?
10. Hoekom sal jy kan getuig dat Jesus die Bron van wonderwerke en genesing is?

Leef en ontplooi:

1. Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Notas:

Jesus se lydensweg

Die Evangelie volgens Markus is al die kruisverhaal met ‘n inleiding genoem. Daarmee wou geleerdes sê dat die kruisgebeure soos ‘n hoë berg in ‘n vlakte in die lewe van Jesus uittroon. Alles draai om daardie laaste paar dae in Jesus se lewe. Kyk maar na Paulus: net sowat ses maal praat hy oor Jesus se aardse lewe los van die kruis. Die ander honderde verwysings gaan oor Jesus as gekruisigde en opgestane Here. Dit is juis hier waar ‘n mens werklik sien wie Jesus is. Wie Jesus se kruis en opstanding nie verstaan nie, verstaan ook nie wie Jesus is nie.

Jesus se lydensweg het nie begin toe hy gevange geneem is nie, maar reeds daar in die hemel toe Hy die opdrag aanvaar het om mens te word. Sy hele aardse lewe en bediening was een groot lydensweg ter wille van jou. Omdat Hy jou lief het, omdat Hy jou wou vrymaak uit die mag van die bose.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Een van die groot en belangrike momente in Jesus se lydensweg is sekerlik die laaste maaltyd wat Hy saam met sy dissipels gehad het in

die bo vertrek. Ons lees daarvan in Markus 14:12-25 (1 Kor. 11:23-26). Lees die gedeelte aandagtig deur.

a. Wat sou jy sê is die belangrikste momente van die instelling van die nagmaal?
b. Hoe moet ‘n mens hierdie woorde van Jesus verstaan?
c. Wat beteken elkeen van die momente wat Jesus noem?
d. Waarom dink jy het Jesus nou juis besluit om ‘n ete vir ons as teken agter te laat – nogal met brood en wyn?
e. Hoe beleef jy die nagmaal? Dink jy dis die effektiefste teken wat Jesus vir ons nagelaat het?

2. Jesus se lydensweg en laaste oomblikke was ook ‘n vervulling van ‘n klomp beloftes. Hy was ook gesien as die ware Paaslam. Jesus, die Lam wat geslag is
   a. Lees Joh. 1:29, 36. Wat sê Johannes die doper hier oor Jesus?
   b. Lees Joh. 18:28, 19:29-37. Hier word drie dinge gesê: Jesus sterf op die dag waarop die paaslam geslag word, die wyn word met ‘n hisoptakkie vir Jesus gegee (die takkies waarmee die bloed aan die kosyne gesmeer is op die eerste Paasnag), en Jesus se bene is nie gebreek nie (nes die paaslammers). Wat lei jy hieruit af?
3. Jesus, die Koning van die heelal, word mens en kom sterf aan ‘n kruis. Dis ironies dat die magtige Koning van die heelal moet sterf aan ‘n kruis. Alhoewel Hy volledig ook mens was, was Hy ook die Messias, die Een van wie Tomas sê:...”My Here en my God!” (Joh. 20:28). Die kruisverhaal wys juis dit vir ons.
   a. Hoe kan ons weet dat Jesus wat aan die kruis hang, daar hang as Koning? (Joh. 18:36-37 en 19:19)
4. Lees Joh. 19:25-30. Net voor Jesus dood is het Hy drie dinge gedoen. Noem die drie dinge en sê wat elkeen beteken.

Leef en ontplooi:

1. Probeer om in een of twee sinne die kern van hierdie studie saamvat.
2. Hoe gaan jy dit wat jy uit die studie geleer het, prakties toepas as ligdraer van God?
3. Hoor waarvoor julle vir mekaar kan bid en of daar ander gebedsake is.

Notas:

Goeie Vrydag: Jesus die bron van oorwinning in die dood

Regdeur die Evangelie van Markus het mense gewonder wie Jesus regtig was. Hulle het geworstel met die identiteit van Jesus. Jesus het sondes vergewe. Jesus het geëet saam met sondaars en tollenaars. Hy het die Sabbat reëls gebreek. Hy het gestry met die godsdienstige leiers van sy dag. Hy het duiwels uitgedryf. Siekes gesond gemaak. Kos vermeerder om vir duisende kos te gee. Hy het dooies opgewek. Sy eie dood voorspel. En Hy het beweer dat Hy die lang verwagte Messias was. So wie is Jesus.

Sommige mense het gedink Jesus was 'n leuenaar. Ander het gedink Hy is van die duiwel af. Sy eie familie het gedink Hy was van sy kop af. Ander het gedink Jesus is die Here. Hoe dit ook al sy mense het konstant misverstaan wie Jesus was. Natuurlik gebeur dit vandag ook nog! Wie is Jesus vir jou? Hoe jy Jesus sien en ken en verstaan, gaan bepaal hoe jy gaan glo, en hoe jy glo, gaan bepaal hoe jy gaan leef. Ons glo en bely vandag en elke dag dat Jesus is ons Bron van oorwinning oor die sonde en die dood. As jy dit nog nie geweet het nie, ons is vandag by Goeie Vrydag.

Wat is so goed aan ‘Goeie Vrydag’? Op voetsool vlak daar by die kruis lyk dit nie so goed nie. 'n Man, 'n onskuldige man, vasgespyker aan 'n kruis – die mees grusaamste instrument van marteling en dood. Dis die toppunt van skande vir enige iemand om kaal, gebroke en verag aan 'n kruis te hang. Dit lyk sleg. Die lyk soos 'n nederlaag. 'n Mislukking.

Ons weet dit is 'n goeie dag, want ons weet aan die kruis, in sy dood het Jesus die oorwinning behaal. Ons sal nooit vandag verstaan nie, nooit vir Jesus verstaan nie, tensy ons nie die kruis verstaan nie.

Jesus sê vir ons, daar is 'n prys te betaal vir al die sonde en gebrokenheid, maar Jesus het self daardie rekening vereffen. Hy het gesterf vir jou. En enige iemand wat na Hom toe kom, word nie veroordeel nie, hulle kry nie wat hulle verdien nie, eerder hulle kry die ewige lewe. Julle lees as oorwinnaars saam met Jesus.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Watter verskil maak dit aan julle lewe dat Jesus vir julle aan die kruis gesterf het? Wat is so goed aan Goeie Vrydag?
2. Lees Jesaja 53:1-6. Hoe verwys hierdie teksgedeelte na Jesus?
3. Lees Markus 15:21-47. Hoe sluit dit aan by Jesaja 53:1-6?
4. Na afleiding van die bogenoemde twee tekste, hoe het Jesus die oorwinning oor sonde en dood behaal met sy afsterwe?
5. Wat staan die meeste vir julle uit in Markus 15:21-47? Waarom?
6. Vers 25, sê dit was 09:00 toe Jesus gekruisig was en 15:00 het Jesus sy laaste asem uit geblaas. Jode het altyd by die tempel die eerste offer 09:00 in die oggend gemaak en 15:00 die laaste offer van die dag. Hoe hou dit verband met Jesus se kruisiging en dood? Wat sê dit vir ons van die offer wat Jesus vir ons gemaak het?

7. Wat was die ironie in die bespotting van Jesus "*Ander het hy gered; homself kan hy nie red nie!"*(v.31)?
8. Wat was die betekenis van die Romeinse offisier se verklaring, dat Jesus die Seun van God is (v. 39)?

Leef en ontplooi:

1. Wat is die implikasie daarvan om te bely Jesus is jou Verlosser?
2. Hoe kan julle leef vanuit die oorwinning wat Jesus oor die dood en sonde behaal het?
3. Hoe kan julle as groep mekaar in die jaar help en bemoedig om te leef as oorwinnaars saam met Jesus oor die sonde en die dood?
4. Hoe help hierdie week se tema julle om julle geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
5. Met wie gaan julle deel wat jy hierdie week geleer het oor wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het?
6. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Notas:

Paasfees: Jesus die bron van oorwinning vanuit die dood

Ons leef in 'n sterwende wêreld en sonder Jesus sal jy nie lewendiges onder die dooies kry nie. Sonder Jesus kan hierdie wêreld net vir jou 'n gat in die grond offer. Daar is geen fontein wat jou jeugdige jare gaan terugbring nie. Wetenskap kan dalk jou lewe so bietjie verleng, maar dit kan niks doen aan die dood nie. Plastiese chirurge kan jou dalk laat lyk of jy die dood gekul het, maar jy sal nie.

Sonder Jesus is die dood vergetelheid. Dit is leeg. Dit is die einde van alles se bestaan. Daar is geen hoop vir 'n toekoms, want sonder Jesus se opstanding, is daar geen lewe na hierdie nie. In die opstanding van Jesus het ons ons geloof. Dit is in die opstanding van Jesus dat ons hoop het. Dit is in die opstanding van Jesus dat ons die belofte van vergifnis, oorwinning en nuwe lewe het.

Romeine 6:4 sê: "*Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei*". Die opstanding is die kern van al die beloftes van God en dit hang alles af van die oorwinning wat Jesus oor die dood behaal het.

Jesus Homself bevestig dit vir ons in Openbaring 1:18 – "*Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk"*. Jesus se opstanding beteken dat ons lewens vir altyd verander is.

Dit beteken: Dat God is lief vir jou meer as wat jy ooit sal weet. Dit beteken die dood is oorwin. Dit beteken dat wanneer Jesus weer kom, sal die dood vernietig word vir al sy kinders. Dit beteken ons het die versekering dat ons sondeskuld ten volle betaal is. Dit beteken dat daar nuwe lewe is in ons wêreld.

Dit beteken ons het die voorreg om vir die wêreld te wys hoe daardie nuwe lewe lyk. Dit beteken dat Jesus se oorwinning kan ook ons oorwinning wees.

Rus en ontvang:

1. Verwelkom enige nuwe lede in die groep
2. Hoor hoe was elkeen se week en deel in mekaar se lief en leed.
3. Word vir ‘n paar oomblikke stil en kom tot rus in God se teenwoordigheid.
4. Gee geleentheid vir gebed. Bid vir mekaar, vir die gemeente en vir die gemeenskap. Vra vir die Here om vir julle deur Sy Woord te voed en Homself te openbaar.

Luister en deel:

1. Watter verskil maak dit tot julle lewe dat Jesus uit die dood uit opgestaan het? Wat is die implikasie van dit vir julle daaglikse lewe? Vir hierdie wêreld?
2. Lees Markus 16:1-20. Hoe is Jesus se opstanding die oorwinning oor die dood? Wanneer sal die dood vernietig word?
3. Wat is die betekenis van die engel se verklaring in vers 6? Waarom dink julle was die vroue bang gewees?
4. Lees Lukas 24:5, behalwe dat die vroue geskrik het, wat is die ooreenstemming tussen Lukas en Markus se weergawes van die leë graf?
5. Wat dink julle sal die implikasie wees, as ons soos die dissipels nie glo dat Jesus lewe nie (sien Markus 16:11; 14)?
6. Wat is Jesus se opdrag in Markus 16:15? Wat sê Jesus sal gebeur wanneer die dissipels hierdie opdrag uitvoer (vv. 16-18)?
7. Wat sê vers 19 vir ons? Watter bevestiging bied dit ons?

Leef en ontplooi:

1. Al vier Evangelies bevestig aan ons dat Jesus uit die dood uit opgestaan het, en dat Hy vir ons die oorwinning oor die sonde en die dood behaal het? Waarom dink julle, sukkel die wêreld om dit te glo? Waarom is daar twyfel en onsekerheid oor Jesus se opstanding, dink julle?
2. Hoe sal julle Jesus se opstanding en oorwinning oor die dood en sonde aan ander mense gaan vertel?
3. Hoe kan julle leef vanuit die wete dat Jesus het werklik opgestaan uit die dood?
4. Hoe kan julle as groep mekaar in die jaar help en bemoedig om te onthou dat Jesus is die opgestane Here?
5. Hoe help hierdie week se tema jou om jou geloof op 'n daaglikse basis uit te leef?
6. Met wie gaan jy deel wat jy hierdie week geleer het oor wat Jesus en sy opstanding?
7. Is daar enige behoeftes wat julle het of mense vir wie julle graag voor wil bid?

Notas: